



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

SEPTEMBER 2017

VISUELE KUNSTE V1

PUNTE: 100

TYD: 3 uur



Hierdie vraestel bestaan uit 19 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

In hierdie eksamen moet jy die volgende vaardighede toon:

- Die gebruik van die korrekte kunsterminologie
- Die gebruik en implementering van visuele analise en kritiese denke
- Skryf- en navorsingsvaardighede binne 'n geskiedkundige en kulturele konteks.
- Die plasing van spesifieke voorbeelde in 'n kulturele, sosiale, politieke en historiese konteks
- 'n Begrip van eiesoortige kreatiewe style

Lees die volgende instruksies voordat jy besluit watter vrae om te beantwoord:

1. Hierdie vraestel bestaan uit AGT vrae.
2. Beantwoord enige VYF vrae vir 'n totaal van 100 punte.
3. Vrae en subvrae moet korrek genommer word volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Vrae verskyn op die linkerkantse bladsye, met visuele bronne op die regterkantse bladsye.
5. Maak seker dat jy na die kleurafdrukke van die visuele bronne verwys waar dit vereis word.
6. Geen punte sal toegeken word vir inligting wat in een antwoord bespreek en in ander antwoorde herhaal word nie. Kruisverwysing na kunswerke is toelaatbaar.
7. Noem die kunstenaar en titel van elke kunswerk wat jy in jou antwoorde bespreek. Onderstreep die titel van 'n kunswerk of die naam van 'n gebou.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Skryf op 'n duidelike, kreatiewe en gestruktureerde manier en gebruik volsinne en paragrawe volgens die instruksies van elke vraag. Kolpunte is nie aanvaarbaar nie, en dien slegs as riglyne in jou opstel strukturering.
10. 'n Lys met feite/tabelle word NIE aanvaar NIE. Gebruik die volgende riglyne vir die lengte van jou antwoorde.

Let op die puntetoekenning: 6–8 punte: 'n minimum van $\frac{1}{2}$ – $\frac{3}{4}$ bladsy (paragraaf)
10–14 punte: 'n minimum van 1–1 $\frac{1}{2}$ bladsy(e) (kort opstel)
20 punte: 'n minimum van 2 bladsye (opstel)

LAAT HIERDIE BLADSY BLANKO.

VRAAG 1: DIE OPKOMENDE STEM VAN SWART KUNS IN DIE 1950's EN 1960's

Opkomende Suid-Afrikaanse kunstenaars wat daaglikse tonele van township-lewe dokumenteer, produseer kunswerke wat 'n stil, rustige atmosfeer van inwoners se kalm uithouvermoë van hul pynlike ervarings weerspieël, of 'n atmosfeer van besige lewendige aktiwiteit wat hierdie pyn masker.

1.1 Met verwysing na die visuele bronne wat in FIGUUR 1a en 1b getoon word, skryf 'n vergelykende analise van die twee werke (1 bladsy) waarin jy die volgende bespreek:

- Onderwerp
- Komposisie en fokus
- Die gebruik van kleur
- Styl
- Die atmosfeer en gevoel
- Die gebruik van die figuur(e) in elke werk

Watter kunswerk dink jy het die grootste visuele impak? Motiveer jou antwoord.

(8)

1.2 Skryf 'n opstel van minstens 1½ bladsye waarin jy voorbeelde evalueer en bespreek deur enige TWEE kunstenaars wat jy bestudeer het en wie se werke gewone mense besig met hul daaglikse lewens reflekteer, op 'n manier wat kalm uithouvermoë van hul pynlike ervarings reflekteer of 'n atmosfeer van bruisende aktiwiteite wat hierdie ervarings verberg.

Jou bespreking moet die volgende insluit:

- Name van kunstenaar(s) en kunswerke
- Onderwerp
- Gebruik van komposisionele middele
- Formele elemente
- Styl en tegnieke
- Boodskap oorgedra

(12)
[20]



FIGUUR 1a: Louis Maqhubela, ***Township Scene (Township Toneel)***, olie op bord, 1961.



FIGUUR 1b: Peter Clarke, ***Wind blowing on Cape Flats (Wind wat waai op Kaapse Vlakte)***, gouache, 1960.

**VRAAG 2: SUID-AFRIKAANSE KUNSTENAARS BEÏNVLOED DEUR AFRIKA-
EN/OF INHEEMSE KUNSVORMS**

Invloede uit verskillende kulture en style kan gesien word in beide die kunswerke van Alexis Preller (FIGUUR 2a) en Walter Battis (FIGUUR 2b).

- 2.1 Verwys na FIGUUR 2a en FIGUUR 2b. Ontleed en bespreek hierdie werke in 'n kort opstel van ten minste 1–1½ bladsye.

Verwys na die volgende:

- Onderwerp
- Simbole
- Formele elemente
- Styl
- Komposisie

(10)

- 2.2 Kies en interpreteer enige TWEE werke van enige ander kunstenaar(s) wat jy bestudeer het, wie se werk deur Afrika-/inheemse kunsvorme (1 bladsy) beïnvloed is.

Verwys na die volgende:

- Naam van kunstenaars en titels van die werk
- Invloede
- Visuele wat verband hou met Afrika-/inheemse kunsvorme
- Gebruik van materiaal en styl
- Inhoud en betekenis

(10)

[20]



FIGUUR 2a: Alexis Preller, *The Kraal (Die Kraal)*, olie op doek, datum onbekend.



FIGUUR 2b: Walter Battis, *Fishermen drawing nets (Vissermanne trek nette in)*, olie op doek, 1955.

VRAAG 3: KUNS EN POLITIEK – WEERSTANDKUNS IN SUID-AFRIKA EN DIE RES VAN DIE WÊRELD

Alhoewel 1994 die einde van geïnstitutionaliseerde rassisme amptelik gemerk het, is rassisme nog steeds algemeen in verskillende sosiaal-politiese sfere waar dit in verskillende vorme manifesteer.

FIGUUR 3a weerspieël die uitbuiting van goedkoop swart arbeid tydens apartheid.

- 3.1 Bestudeer die visuele bron FIGUUR 3a en in 'n paragraaf bespreek hoe hierdie werk die misbruik en uitbuiting van goedkoop Swart arbeid weerspieël.

Verwys na die volgende:

- Die keuse van beelde
- Onderwerp en media
- Komposisie
- Betekenis en interpretasie (6)

- 3.2 FIGUUR 3b is geïnspireer deur die nuusvideo van die brutale behandeling van swart trekarbeid van buite die land. Die installasie word begelei deur 'n klankbaan van die honde wat blaf. Die visuele illustrasie is 'n gerekonstitueerde reëling van stilknipsels om die voorval te beskryf.

Bestudeer die visuele illustrasie en beantwoord die volgende in 'n paragraaf van ongeveer $\frac{1}{2}$ – $\frac{3}{4}$ bladsy:

- Beskryf en verduidelik wat jy meen gebeur het
- Bespreek die verskillende aspekte van die medium wat gebruik word en hoe hulle die boodskap verbeter
- Hoe die titel bydra by die boodskap wat oorgedra word (6)

- 3.3 Kies EEN spesifieke kunswerk wat jy bestudeer het wat ons bewus maak van die onreg in ons verlede en hede. Bespreek hierdie werk in detail (1 bladsy).

Verwys na die volgende:

- Naam van die kunstenaar en titel van die kunswerk
 - Onderwerp
 - Invloede
 - Media en tegniek
 - Stilistiese eienskappe
 - Sukses van kuns as 'n instrument om ons van die onreg bewus te maak (8)
- [20]**



FIGUUR 3a: Manfred Zylla, **Games (Speletjies)**, Akrielferf op goiingmateriaal, 1985.



Video stillfoto



Detail



FIGUUR 3b: Willie Bester, **Who let the dogs out? (Wie het die honde uitgelaat?)**, beeldhouwerk installasie, 2001.

VRAAG 4: KUNS, KUNSVLYT EN GEESTELIKE WERKE HOOFSAAKLIK UIT LANDELIKE SUID-AFRIKA

Baie plattelandse swart Suid-Afrikaanse kunstenaars is beïnvloed deur die Christendom wat met tradisionele geestelike oortuigings en gebruike gekombineer is.

4.1. Met verwysing na die stelling hierbo, ontleed en interpreteer die gegewe illustrasie FIGUUR 4a deur 'n opstel van $\frac{1}{2}$ – $\frac{3}{4}$ bladsy te skryf. Verwys na die volgende in jou opstel:

- Invloede
- Medium en tegniek
- Onderwerp
- Komposisie
- Styl en betekenis van die teks
- Betekenis van die kunswerk

(7)

FIGUUR 4b is 'n heiligdombeeld en is dus veronderstel om in godsdienstige doeleindes in 'n heiligdom ingesluit te wees. Die beeldhoukuns sal beskou word as 'n magsfiguur en die stam se mense sal tot haar bid en haar geskenke aanbied.

4.2 Bespreek die vorms en kenmerke van die beeldhouwerk wat dit 'n tipiese landelike Afrika-houtsnywerk maak en wys hoe die houding van die figuur van sy geestelike krag praat.

(6)

4.3 Verwys na FIGUUR 4c. Credo Mutwa kombineer kultuur en natuur, wat daartoe gelei het dat hy as 'n 'inheemse omgewingspesialis' gedefinieer was

Met die bogenoemde in gedagte, definieer die eienskappe van die standbeeld binne die konteks van die volgende:

- Titel
- Skaal
- Ligging
- Vorms en kenmerke

(4)

4.4 Hersien die drie visuele illustrasies. Hoe word die begrip van voortplanting in die drie kunswerke beklemtoon?

(3)
[20]



FIGUUR 4a: John Muafangejo, **Untitled (Ongetiteld)**, linoosnee.



FIGUUR 4b: **Shrine Figure (Heiligdombeeld)**, Yoruba, Nigerië, hout, laat 19^{de} eeu.



FIGUUR 4c: Credo Mutwa, **Earth Mother (Moeder Aarde)**, sement, Shamwari natuurreservaat.

**VRAAG 5: MULTIMEDIA EN NUWE MEDIA – ALTERNATIEWE
KONTEMPORÊRE EN POPULÊRE KUNSVORMS IN SUID-AFRIKA**

“Dit is baie maklik om te sê, ‘Ek kon dit gedoen het’, nadat iemand dit gedoen het. Maar ek het dit gedoen. Dit het nie bestaan totdat ek dit gedoen het nie.” – Damien Hirst

5.1 Met verwysing na bogenoemde stelling en visuele bron, FIGUUR 5a, skryf 'n paragraaf (ten minste ½ bladsy) waarin jou die bostaande stelling bespreek deur die volgende te oorweeg:

- Die medium wat gebruik word
 - Die boodskap van die kunswerk
- (4)


5.2 Ook met verwysing na bogenoemde stelling, ontleed en bespreek FIGUUR 5b in opstelformaat (ten minste ¾ bladsy). Oorweeg die volgende:

- Toepassing van kunselemente en -beginsels
 - Mediums relevant tot die konsep
 - Betekenis of boodskap
- (6)


5.3 Vir hierdie vraag mag jy nie 'n werk gebruik wat in hierdie vraestel verskyn nie. Jy mag egter 'n ander werk gebruik, deur een van die kunstenaars wat in hierdie vraestel gebruik word.

In opstelformaat, van ten minste EEN bladsy, herroep, bespreek en vergelyk ten minste TWEE werke in multimedia wat jy bestudeer het, en motiveer elk van die volgende:

- Noem die werk(e) sowel as die kunstenaar
 - Media
 - Boodskappe en/of betekenis
 - Beïnvloed deur watter styl van kuns
 - Aanbieding
- (10)
[20]



FIGUUR 5a: Damien Hirst, *The Physical Impossibility of Death in the Mind of Someone Living* (Die fisiese onmoontlikheid van die dood in die gedagte van iemand wat leef), 1991.



FIGUUR 5b: Damien Hirst, *FOR THE LOVE OF GOD* (VIR DIE LIEFDE VAN GOD).

VRAAG 6: DEMOKRATIESE IDENTITEIT IN SUID-AFRIKA NA 1994

Na-apartheid visuele kuns het definitiewe bydraes gelewer met betrekking tot die integrasie en emansipasie van verskillende rasse in Suid-Afrika. Dit het gelei tot 'n geloofwaardige, kontemporêre Suid-Afrika waarin kunstenaars weer kon fokus op die hersiening van hul eie identiteite.

In FIGUUR 6a en 6b hanteer Thembinkosi Goniwe en Churchhill Madika krities die kwessie van identiteit as 'n sosiale konstruksie onderskeidelik. Terwyl Goniwe handel oor hedendaagse “onuitgesproke rassekonstrukte” wat vandag sigbaar is, bevraagteken Madika opgelegde Amakhosa-tradisies wat inbreuk maak op 'n persoon se vryhede.

- 6.1 Met die bogenoemde in gedagte, skryf 'n opstel van ongeveer $\frac{3}{4}$ van 'n bladsy waarin jy bespreek hoe elke kunstenaar sy probleem in die visuele bronne hanteer.

Verwys na die volgende:

- Mediums wat gebruik word
- Styl en tegniek
- Die kommentaar wat hierdie kunstenaars maak
- Watter een maak die sterkste impak, met redes vir jou keuse (8)

- 6.2 Skryf 'n opstel van ten minste $1\frac{1}{2}$ bladsye, bespreek die werk van enige TWEE Suid-Afrikaanse kunstenaars wat jy bestudeer het, wat vrae oor en die refleksie oor hul identiteit ná 1994. Verwys na spesifieke kunswerke in jou antwoord, wat nie op hierdie vraestel voorkom nie. (12)
[20]

WOORDELYS

Hedendaagse kuns: Kuns vanaf die 1970's tot vandag



FIGUUR 6a: Themba Goniwe, **Untold (Ongetiteld)**, Advertensiebord as deel van Returning the Gaze projek, Kaapstad, 2000.



FIGUUR 6b: Churchill Madikida, **Struggles of the heart**, C-Print stilfoto's van video, 2003.

VRAAG 7: GESLAGSKWESSIES

FIGUUR 7a is 'n selfportret deur die kunstenaar Frida Kahlo. Die Mexikaanse kunstenaar se persoonlike lewe en geskiedenis word direk in haar kuns uitgebeeld. Haar werk het hartverskeurend van haar eie fisiese en geestelike lyding getuig. Nandipha Mntambo se werk '*Emabutfo*', aan die ander kant, handel oor die verteenwoordiging en persepsie van die vroulike liggaam.

7.1 Met verwysing na die stelling hierbo en FIGURE 7a en 7b, bespreek die moontlike betekenis van hierdie twee werke en hoe hul werk betrekking het op geslagskwessies en geslagsidentiteit. Verwys na die volgende:


- Gebruik van titel
- Onderwerp
- Komposisie
- Styl en benadering

(8)

7.2 Skryf 'n opstel van minstens 1½ bladsye, en bespreek die werk van enige TWEE kunstenaars wat jy bestudeer het, wat geslagsidentiteit bevraagteken. Verwys na spesifieke kunswerke in jou antwoord, wat nie in hierdie vraestel voorkom nie.

(12)
[20]**WOORDELYS**

Emabutfo: Krygers van die Swazi-regimente van die koninklike woning van die koning.



FIGUUR 7a: Frida Kahlo, *The broken column (Die gebreekte kolom)*, olie op doek, 1944.



FIGUUR 7b: Nandipha Mntambo, *Emabutfo*, koeihuid, hars, poliëstergaas en waslaagkoord, 2009.

VRAAG 8: ARGITEKTUUR IN SUID-AFRIKA

“Afrika is onder konstruksie en plaaslike talent het vorentoe gegaan om die landskap te vorm. Daar is baie goeie inheemse kennis op die vasteland”, sê Iain Low, professor van argitektuur aan die Universiteit van Kaapstad.

8.1 Met inagneming van bogenoemde, bestudeer FIGUUR 8a en 8b en beskou die toepaslikheid daarvan in sy eie tyd as 'n voorbeeld van innoverende argitektuur. Skryf 'n opstel van EEN bladsy waarin jy die innoverende prestasies evalueer. Jy mag gedagtes oor die volgende insluit:

- Beginsels van ontwerp toegepas
- Invloede en kreatiewe denke
- Eiesoortige eienskappe
- Doelwitte en effektiewe funksionaliteit

(8)

8.2 Ontleed TWEE gedenkstrukture deur 'n Suid-Afrikaanse argitek (s) in 'n opstel van ongeveer 1½ bladsye. Bespreek die vorms, materiale en ontwerp wat hulle in 'n kategorie van uitstaande impak plaas.

Die volgende aspekte kan dalk relevant wees:

- Name van argitekte/maatskappye en geboue
- Spesiale eienskappe
- Besondere materiaal, tegnologie en ontwerp
- Ekologiese oorwegings
- Omgewingskwessies
- Funksionaliteit


(12)

[20]**WOORDELYS**

Herdenkingsstrukture: 'n Struktuur wat opgerig is om die verlede te onthou, om groot persoonlikhede te respekteer en 'n nuwe toekoms te simboliseer. Uitstallings, biblioteke, interaktiewe areas en openbare ruimtes.



FIGUUR 8a: Pierre Swanepoel, Studiomas Architecture, Circa gebou.



FIGUUR 8b: Pierre Swanepoel, Studiomas Architecture, Circa gebou, nagtyd.

TOTAAL: 100